

# Simboliek van die feeste

Die simboliek van die feeste uit die Skrifte.

Ek gaan eerstens die name van die Skrif-feeste deurgee en daarna dit koppel aan 'n simbool of twee.

Die eerste fees wat ek gaan aanraak is die (1)“Trompette” die opvolgende feeste is die (2)‘Versoendag’ (3)‘Pasga’; (4)‘Sewe dae ongesuurde brode’; (5)‘Eerstelinge’; (6)‘Insameling’ en dan die (7)‘Agste dag’. Dan kan ons ook kyk na die ‘Seisoen vernuwings en die Shabbat.

Trompette:

n’ Trompet is ‘n blaas instrument en dit gee ‘n duidelik en harde klank. In die Skrifte lees ons baie van trompette wat geblaas word. Trompet gee gewoonlik ‘n harde klank wat gebruik kan word as ‘n waarskuwing of in ‘n orkes as musiek instrument. Dus kan dit verskillende klanke na vore bring. Ons lees in die Skrifte dat YAHUAH aan Moses opdrag gegee om trompette te maak in Num.10:2 -10. Soos genoem was die trompette gebruik om mense te vergader of om sekere opdragte deur te gee. Dit was daar vir ‘alarm’ of om net te blaas om vrolik te wees. YAHUAH het ook die trompet as ‘n ewige insetting daargestel . In *Num. 10:10* *Staan: Op die dag as julle vrolik is, sowel as op julle feestye en by die begin van julle maande* (begin van Seisoene) *moet julle by jul brandoffers en by jul dankoffers op die trompette blaas: hulle sal dien om julle in gedagtenis te bring voor die aangesig van YAHUAH. Ek is YAHUAH.* So het die volk dan die opdrag geëerbiedig. In Ex.12:2 staan: *dit moet vir julle die eerste maand van die jaar wees. Wees vrolik en kom in YAHUAH se gedagtenis!* Dus blaas op die trompette. In Num.29:1 *Staan: En in die (sewende) eerste maand, op die eerste van die maand, moet daar vir julle ‘n reine samekoms wees; géén beroep-werk mag julle doen nie; dit moet vir julle ‘n dag van trompet geklank wees.* Eseg.45:18 So sê YAH : *In die eerste maand, op die eerste van die maand....* Ps.81:4; 98:4-6; 2 Kron.29:26 – 28; Ex.12:2.

Wat die trompet besonders maak is dat dit deur wind voortgebring word. Dus uit jou as mens blaas / asem jy deur ‘n instrument waar jy VADER loof en prys. Dus soos in die hemele, net so op die aarde word daar trompet klank deur gegee.

Die dag toe Abraham vir Isak sou offer, het daar toe ‘n ram vasgesit aan ‘n bos. Die ram was geslag en daardie horings van daardie dier was toe gebruik om VADER te loof en prys dat hy in die plek van Isak ‘n ram gestuur het. Daarom is die simboliek van ‘n trompet die asem wat jy uit kan blaas tot verblyding tog waarskuwing dat die volk moet hoor en gehoor gee.

## Versoendag:

Eers moet ons die doel en belangrikheid van die dag besef. In Lev. 25:8 – 27 word die volk opgeroep tot 'n afgesonderde samekoms tot verootmoediging. In vers 27 staan: *Jy moet jou verootmoedig en tot diepe berou voor VADER staan.* In die Tabernakel was die Verbondsark met sy versoendeksel op waarvan die Levities se priester na die Ark (*Eenmaal in 'n jaar*) in dié aller afsondering ingegaan het om vir die volk versoening te pleit (*Op die Ark was die versoen deksel waaruit VADER gespreek het en dat YAH [YAHUSHA] daardie seremonie kom vervul het sodat ons deur Hom versoening kan ontvang met VADER*). In Ex.12:3 staan: *Spreek tot die hele vergadering van Israel Yashar'EL en sê: Op die tiende van hierdie maand* (Abib die eerste maand van die jaar) *moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin.* In Jos 4:19 word dit mooi uitgewys nl.: *En die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Jordaan uit opgetrek en laer opgeslaan by Gilgal, aan die oostelike grens van Jérigo* (M.a.w. hulle het deurgegaan en Versoeningsdag gaan hou by Gilgal). *Jos 5:10 Terwyl die kinders van Israel Yashar'EL by Gilgal gelaer was, het hulle die Pasga gehou op die veertiende dag van die maand in die aand, in die vlaktes van Jérigo.*

Duidelik sien ons dat hulle twee feeste gehou het met die laer opgeslaan. Net 'n oorsig wat versoen se betekenis is: Dit is om die vrede te herstel, weer tot vriendskap bring, om jou neer te lê en nie weer te verset nie, versoen is om oortredinge uit te wis en herstel van vrede. Dus moet daar 'n versoen dag uitgeroep word (*aan die begin van 'n jaar*). Eerstens moet jy op daardie dag met jou broer versoen en dan oorgaan tot versoening met VADER. Om met VADER te versoen beteken dat jy van alle oortredinge 'vergewe' sal wees. *1Joh. 4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons God VADER liefgehad het nie, maar dat HY ons liefgehad het en SY Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes oortredinge.*

Nou die simboliek van versoening lê in YAHUSHA. Om iemand te 'soen' beteken dit nie net groet nie, maar uitwysing van kennis en liefde. YAHUSHA het daardie 'soen' seremonie kom vervolmaak. In die tent van samekoms weet ons dat die Ark daar in die aller reinste was en dat bo op die Ark 'n 'versoendeksel' was van goud. Nou op daardie 'deksel' het Aaron eenmaal 'n jaar 'bloed' daarop besprinkel. Daardie 'bloed' wat besprinkel was van 'n lam het YAHUSHA sin gesimboliseer. Toe YAHUSHA in die tuin gaan bid het saam met Sy dissipels het Sy verraai na Hom gekom en Hom die 'soen' (kus) van die dood gegee.

Die soen was gereeld gebruik onder die dissipels, maar die laaste een wat Judas gegee het was die uitkenning (*van verraad*) en die dood wat daarop sou volg. Dus die 'soen' in die versoening wat verstaan moet word.

#### Pasga:

Pasga of Passover in Engels, beteken verbygaande fees. Oral waar die bloed van 'n lam (*YAHUSHA*) aan die deur kosyne en poste gesmeer was het die dood verby gegaan. Ex.12:6

YAHUSHA het duidelik deurgegee dat Sy Liggaam die Brood / Manna is en dat Sy Bloed die wyn is wat gedrink moet word. Ons moet inderwaarheid eers die wyn drink om skoon te kom sodat die brood jou kan vul. HY het Sy Bloed vir ons gestort sodat ons die gawe van die Gees van VADER kan ontvang in die 1000 jaar van vrede. Die ongesuurde brood was die uittog tydperk uit Egipte wat met bitter en smarte gepaard gegaan het. In Ex.12:15 kan gesien word dat die ongesuurde brode met Pasga begin. Matt.26:17 staan dit ook: *En op die eerste dag van die ongesuurde brode kom die dissipels na YAHUSHA en sê vir Hom: Waar wil U hê moet ons vir U klaarmaak om die Pasga te eet?* Ex.23:15; Lev 23:5,6; Num.9:5; 28:16,17; Deut.16:1-6; Jos 5:10; Eseg.45: 21,25; Matt.26:2; Joh.13:1; ens.

Nou die ware simboliek van Pasga; Baie dink dat Pasga in Egipte begin het met die eersteling wat daar gesterf het, maar min wetend is dit nie so nie. Toe Adam en Eva se seuns het gaan offer. Hulle het die eersteling van hul opbrengs gaan offer aan VADER op 'n altaar. Hoekom? Was dit 'n opdrag van VADER? Telkemaal lees ons in die Skrifte dat VADER die eersteling aan HOM toeys. Ha satan het dit geweet en daarom het hy weer al die eersteling aangeval sodat daardie eersteling onrein kan wees. As ons na Abraham en Isak kyk sien ons ook dat die eersteling aan VADER behoort. Dus het die dood telkemaal verby gegaan as dit die "bloed" sien.

Nou in daardie eersteling se plek het VADER 'n Pasga / Verbygaande dood in die eersteling se plek daar gegee. Die eersteling kan ook gesien word as 'n versoeningsoffer aan VADER waarvan YAHUSHA wel ingetree het.

#### Sewe dae ongesuurde brode:

Die getal sewe beteken dat dit 'n volledige getal is, dat dit 'n voltooide siklus is, dat dit totaliteit besit, dat dit kompleet en klaar is, dat dit 'n perfekte syfer of tydperk van VADER is en laastens dat in die getal sewe seën of straf in kan lê.

Ons lees telkemaal in die Skrifte oor die getal sewe soos: 7 dag skepping, 7 rein pare wat in die Ark moes klim, 'n lam moes 7 dae oud gewees het as offer, 7 dae om Jerigo, die voorspellings in Open. wat met 7 te doen het, die 7 punt kandelaar of die 7 dae van 'n week.

Sewe beteken ook 'rus' waarvan ons dit "Shabbat" noem. Die getal sewe word mee vermenigvuldig soos om 'n Jubeljaar te kry ( $7 \times 7 = 49$  waarvan die 50ste jaar 'n Jubeljaar is). Self die profetiese voorspellings om tyd, tye en die helfte van tyd uit te werk ( $7 \times 7 = 49$  Lev.25:8;  $7 \times 7 \times 10$  Dan.9:24;  $7 \times 10 = 70$  jaar in Babilon Jer.29:10; Vergewe jou broer  $70 \times 7$  ens.).

Die simboliek van die getal sewe is YAHUSHA. VADER het SY "SEWE" gestuur na die aarde. HY het die ongesuurde brode (*ongesuurde brood beteken skoon en vry van beïnvloeding*) kom vervolmaak. Sewe is nie ses of agt nie. Ses is die getal van die mens wat onvolmaak is en die agt beteken 'n nuwe tyd of ewigheid.

### Eerstelinge:

Eersteling is reeds genoem in die behandelde feeste waarvan dit deur VADER daar gestel was en aan HOM behoort.

Eerstelinge fees ook genoem die fees van die weke of Pentecost wat vyftigste beteken, waarvan vyftig Lossing of Redding beteken. Dit is alom bekend as die uitstorting van die Reine Gees van VADER, m.a.w. YAHUSHA in dié Gees. Die Eerstelinge word ook die weke fees genoem, want dit word gevier sewe weke vanaf Pasga.

Die getal 'sewe' soos behandel, beteken op sy beurt weer volledig of 'n siklus wat voltooi het.

Die vyftig dae of sewe weke is 'n tydperk deur YAH daar gestel sodat Sy volk hulself kan reinig vir die lossing op die fees. Presies vyftig dae nadat die *Yashar'EL* uit slawerny (*Egipte*) getrek het, het hulle die Wet van YAH ontvang op die berg Sinai. Presies vyftig dae of sewe weke na YAHUSHA se foltering is die uitstorting van die Afgesonderde / Rein Gees. YAH was baie streng op Sy eerstelinge van alles wat Hy op aarde geskep het en so ook duidelik in Sy Wette deurgegee het. Sy volk *Yashar'EL* het Hy (*YAHUSHA*) ook ontvang by VADER as eersteling van al die ander volke op aarde, en daarom is Hy so streng op ons, en tog verlief op Sy Uitverkore.

Die simboliek is duidelik in die behandelde stuk van die eerstelinge fees. Wat wel belangrik is om te weet dat ons as *Yashar'EL* 'dié' eersteling is van YAHUAH.

Op daardie dag het die ouvolk twee gesuurde brode gewuif voor VADER. Die brood het twee betekenis nl.: Ons is die brood wat deel uitmaak van een liggaam soos YAHUSHA dit genoem het met die laaste Avondmaal; Die tweede is dat ons beïnvloed is en altyd in behoefte is. Ons beweeg nie meer die brode nie, maar onself. M.a.w. buig eervol in gebed tot VADER. Jou eerste opbrengs of inkomste van die nuwe jaar (*wat aan VADER behoort*) kan jy nou op jouself spandeer, want jy is SY eersteling.

### Insameling:

*Ex.34:22 Die fees van die weke moet jy ook hou, (Pinkster) die fees van die eerstelinge van die koringoes; en die fees van die insameling (Tabernakel) by die wisseling van die jaar. Insameling aan die einde van die jaar as jy jou werk uit die land insamel. Ex.23:14-17; Lev. 23:34-36; Deut. 14:28; 15:1; 16:16; 31:10; Jer. 34: Num.29:12; Neh.8:15-17; Joh.7:2. Deut.16:13 Die huttefees moet jy sewe dae lank hou as jy van jou dorsvloer en jou wynpers insameling hou. Aan die einde van drie jaar moet jy uitbring al die tiendes van jou opbrings in dié jaar en dit in jou poorte wegsit.*

Yashar'EL het in tente (*tabernakels*) gewoon met hul Egiptiese verblyf, en so het hulle ook in die woestyn in tente gewoon. Om die fees te herdenk word daar elke jaar in 'tente of tak skuilings' buite die huis gemaak waarin jy en jou mense in kan slaap. Eerstens is dit om dankie te sê aan die Egiptenare dat ons 215 jaar by hulle kon woon. Tweedens die simboliek van 'n tent of 'n tydelike hawe is en dat dit ons liggaam is wat 'n tent voorstel (*wat ook tydelik op aarde is*). Derdens dat 'n Tabernakel dié woonplek (*beskerming*) is wat YAHUSHA verteenwoordig, en dat die skuiling wat Hy bied VADER se beskermde hand is.

Wat duidelik uitgewys word is dat alles wat ingesamel word rein is om van te eet. So moet ons as die uitverkore rein voor VADER verskyn. Ons moet almal by die poort bymekaar kom. Hetsy ryk of arm sal daar voor die poort verskyn. By die poort moet jy jou tiende saambring. In die outyd het hulle diere of geld saam gebring waarvan hulle dit daar gespandeer het op vreemde of bekende. Almal moet vrolik wees en sy tiende daar spandeer op mekaar. Daardie poort waar hulle bymekaar gekom het, simboliseer die hemelse poort. Daar sal by die hemelse poort 'n gejubel en gejuig wees, want dit is die ingang na die Nuwe Jerusalem.

Agste dag:

*Neh. 8:16 ...: Trek uit op die gebergte en bring olyftakke en oliewenhout takke en mirte takke en palmtakke en takke van digte bome om hutte te maak ... Neh. 8:19 En hy het dag vir dag, van die eerste dag af tot die laaste dag toe, voorgelees uit die wetboek van VADER; en hulle het sewe dae lank fees gehou en op die agtste dag 'n feestyd volgens verordening (laaste deel van die winter). Lev. 23:39 Maar op die vyftiende dag van die (~~sewende~~) maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van YAH sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. Num.29:35 Op die agtste dag moet daar vir julle 'n feestyd wees; Neh. 8:19 ...en hulle het sewe dae lank fees gehou en op die agtste dag 'n feestyd volgens verordening.*

Die getal agt is 'n ewigheid teken. Voor die agt was die sewe wat volmaak en volheid beteken. As sewe volmaak en volbring het, het dit die deur oopgemaak vir agt om in wording te tree. Dus die '6' is vervolmaak in '7' en kan nou oorgaan na '8' vir die nuwe periode wat nou voorlê. M.a.w. die ewige lewe. Die agste dag (*die laaste dag van die jaar*) simboliseer is dat dit die ingaan is vir die ewige lewe. Ex. 22:30; 23:16; 34:22; Deut.16:13,16; Neh.8:15-19; Joh. 7:2,37

Seisoen vernuwings:

*Deut. 11:13 As julle dan goed luister na My gebooie wat Ek julle vandag beveel, om ~~die~~ ~~HERE~~ YAHUAH julle ~~God~~ Skepper lief te hê en Hom te dien met julle hele hart en met julle hele siel, :14 dan sal Ek die reën van julle land gee op die Seisoen ~~regte tyd~~, vroeë reëns en laat reëns, sodat jy jou koring en jou mos en jou olie kan insamel. 28:12 ~~Die~~ ~~HERE~~ YAHUAH sal Sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die Seisoen ~~regte tyd~~ te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.*

*Ex. 18:22 en laat hulle voortdurend oor die volk die regspraak uitoefen in al die seisoene: al die groot sake moet hulle na jou bring, maar in al die klein sake moet hulle self regspraak. Maak dit so ligter vir jou, en laat hulle saam met jou dra. :26 En hulle het voortdurend oor die volk die regspraak uitgeoefen in al die seisoene: die moeilike sake het hulle na Moses gebring, maar in al die klein sake self reggespraak. Lev. 26:4 sal Ek julle reëns gee op die seisoene ~~regte tyd~~, en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. Num 9:2 dat die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL die pasga op die seisoen ~~bepaalde tyd~~ moet hou. Gen. 1:14 En ~~God~~ Skepper het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitpansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir seisoene, dae sowel as jare.*

*Gen.17:21 Maar My verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie seisoen ~~tyd~~ sal baar.*

Tyd is op verdeel in seisoen deur YAHUAH ons Skepper. Eers het ons die daaglikse skepping waarvan die sewende dag die week vervolmaak het. Dertig dae in 'n maand en 3 maande verder gee vir ons 'n seisoen. Die getal drie beteken soos 7 volmaaktheid, maar 3 beteken ook om 'n doel daar te stel. Die getal sal jy baie mee te doen kry in die Skrifte wat 'n eie wil van VADER voorstel. Elke nuwe seisoen beteken nuwe of ander vrug wat voortgebring gaan word 'deur' (VADER) dié aarde. Daarom moet die mens homself verbly aan die einde en nuwe tydperk van voortbring. Ons as die skepping wat die voorreg gehad het om die vorige 3 maande te kon gegroei moet onself verbly vir nog 'n geleënheid om die volgende 3 maande te kan bly groei.

### Ek sluit met 'n samevatting;

Die eerste fees is om jou te verbly dat jy deel uitmaak van die uitverkore van VADER. Dat jy by die poort van die hemele saam met jou mede broers kan vergader. Die tweede fees is dat ons in aanskouing voor VADER staan. In eerbied en dankbaarheid staan ons as VADER se kinders voor HOM. Met respek sal ons op ons knieë voor HOM buig en aanbid. Die opvolgende fees is die Pasga wat YAHUSHA is. Hy is ons Herder, ons Opperhoof en Koning. HY ontmoet ons by die poorte van die hemele waar ons die voorreg het om ons te verbly in Hom as ons Skepper en Koning. Ons Koning gaan ons nou inlei deur die poort van die hemele na VADER. Die fees van die ongesuurde brode is dié kinders wat vergader het by die poort en gereed gemaak was om wel in te kan gaan daar waar YAHUAH heers in VADER se realm. Ons as die brood wat skoon en vry gemaak is deur die Bloed van YAHUSHA. Die volgende fees is die eersteling. Yashar'EL is die eersteling van VADER. Ons word nou fisies gebring deur YAHUAH, die Seun van VADER, na VADER om HOM te dien, te loof en prys.

Die voorlaaste fees is die insameling fees. Dit wat ons ingesamel het in ons aardse lewe bring ons na VADER en lê dit voor HOM nou uit. Geen aardse skatte nie, maar dit wat ons vóór bery het vir die Konings maal. Die wat ekstra olie saam geneem het. Die wat gewoeker het met die talente wat hy op aarde ontvang het. Die laaste fees is die agste dag. Ja dit is hulle wat voor by die poort van die hemele gejubel en gejuig het. Dit is hulle wat hul lampies gevuld gehou het. Dit is hulle wat hul Koning Gé ontmoet het om in te kon gaan na die Koningsmaal. Ja dié wat reeds voor VADER staan en die ewige lewe ontvang. HalleluYAH.